

Wees geiser-slim

Volg ons wenke en spaar elektrisiteit

GEISERS dra baie tot hoër energiekoste by, veral in die winter wanneer hulle baie vinniger hitte verloor.

Jou verbruikerkampioen, Cashbuild, het hierdie wenke om jou te help energie en geld bespaar:

- Gebruik 'n geiserkometers.
- Isoleer alle warm waterpype wat uit die geiser loop met termiese pypbekleding. Dit sal hitteverlies aansienlik vertraag en verminder.
- Jou geiser se temperatuurstelling moet 65 tot 70 °C wees as jy woon in gebiede soos die binneland waar dit baie koud raak. As jy naby die kus woon waar temperature nie so erg daal nie, moet die geiser teen 60 °C gestel wees. In die somer moet die temperatuurstelling 50 tot 60 °C wees, maar nooit laer as 50 °C nie, want dit sal die groei van bakterieë in die geiser bevorder.
- Gaan gereeld jou geiser se termostaat en element na, want oormatige kalkaansamings op die elementholte kan die water tot 'n hoër temperatuur laat verhit as waarop die termostaat gestel is. Dit dra tot buitensporige waterverhittingskoste by.
- Bad en stort vinniger. Wanneer jy in die bad lê en week en elke keer warm water bytap wanneer die water afkoel, sal jy veel meer energie verbruik.
- Bad of stort laatmiddag of vroeoggend. Probeer in die winter, wanneer jou elektrisiteitsrekening op sy hoogste is, jou waterverbruik uit die geiser met minstens 20 persent verminder. Jy sal nie net op jou krag-en-water-rekening bespaar nie, maar dit sal ook 'n voordelige uitwerking op die land se elektrisiteitsverbruik hê.
- Tap eers al die warm water in die bad voor jy koue water bytap. In die winter is 'n leë bad kouer, veral die ouer staal-emaljebadde; daarom sal die warm water begin afkoel sodra dit ingetap word.
- Onthou: Om te stort gebruik veel minder water as om te bad.



STOCKSOURCE 010

Al die geisers wat Cashbuild aanhou, voldoen aan die SABS se streng vervaardigings- en gehaltestandaarde. Die produkte word vir 'n bepaalde tyd gewaarborg en die vervaardiger of plaaslik aangewese diensagent lewer 'n naverkoopdiens.

- Gesels met 'n Cashbuild-konsultant in die winkel en vind uit wat die beste geiser vir jou is.

Besoek jou naaste winkel vir plaaslike geiserhandelsmerke soos Kwikot en Franke, wat albei in 100 L- en 150 L-groottes beskikbaar is.

Cashbuild-winkels is gerieflik geleë in die hele Suider-Afrika. Besoek jou plaaslike winkel vandag vir gehalte-boumateriaal, gereedskap, verf en ysterware teen die laagste prys. Of bel Cashbuild se nommer by 0861CASHBUILD (227-428-453) vir nog inligting of om uit te vind waar jou naaste handelaar is. ■

Cashbuild
Toegerus vir die taak



Die Franke Combislim-dubbel-element-geiser



Die Kwikot-dubbel-element-geiser